# Kanola vaar wel beter in noorde

Boere van Zastron, Senekal, Reitz en Kokstad besing almal die voordele van kanola as wisselbougewas. Dit aard ook beter in somerreëngebiede selfs as 'n droëland-wintergewas en het voordele as 'n dekgewas, sê die kanolakundige mnr. Petrus Fouché.



Mnr. Petrus Fouché van Phyto-Pharming, 'n maatskappy in die Strand wat hernieubare energie bevorder en kanolaproduksie in Suid-Afrika wil verhoog.



Foto: Marleen Smith

Van links is mev. René Osborne met Gerhard, haar man, Ferdi, met Rudolph, en mev. Bonita Osborne, Ferdi se skoonsuster, in 'n mooi kanolaland by Hartswater ná Ferdi se eerste probeerslag met dié gewas in die 2010-oestyd.

Die goeie prestasie van kanola in die noordelike provinsies is danksy die meer beskikbare vog en dieper en beter gronde. Dit kan ook toegeskryf word aan die olieproduksie en rypwording, wat in dié gunstiger toestande met die aanvang van die reëntyd bevorderlik vir goeie gehalte saad is.

Verder lei die langer groeityd tot die hoër produksie van droëmateriaal (en dus wei- en opbrengspotensiaal) en olie-inhoud.

Pleks van die gewone groenvoergewasse, kan die boer dit dus oorweeg om kanola te plant. Die gewas hou as dek- en voergewas ook meer voordele in as baie ander gewasse, aangesien dit die grondgesondheid deur 'n natuurlike bioberokingsproses verbeter en vir langer as 'n jaar benut kan word.

Terselfdertyd verskaf kanola organiese materiaal deur die wortels en verminder dit grondverdigting. Grasweiding ná kanola is ook beter, soos op Zastron waar mnr. Jean Fonternel se *Eragrostis* (oulandsgras) in die derde jaar ná kanola steeds groener as ná koring op die ander helfte van die land was. Hierdie ekstra en gesonder voer beteken baie vir 'n veevertakking.

As kontantgewas lewer kanola 'n goeie wins. Danksy vele aanwendingsopsies, soos weiding en/of hooi, kuilvoer en as kontantgewas, word die boerderyrisiko verminder.

Mnr. Tommie Masterson van Kokstad kan getuig van die voordele betreffende siektebestryding by mielies. Hy het geen fusarium of omval by sy mielies gehad wat hy ná kanola geplant het nie. Die opbrengs van dié mielies was 4 t/ha hoër as dié van sy mielies ná ander gewasse, waar fusarium en omval wel voorgekom het.

As kanola vroeg geplant word (Januarie tot Maart), en dit het genoeg vog en voeding, kan dit goeie droëmateriaal (DM) vir weiding lewer voordat dit toegelaat word om uit te groei en 'n kontantoes te lewer. Só verhoog dit die boer se wins as dubbeldoelgewas.

Die voordele van 'n laer risiko sover dit ryp, 'n langer groei- en blomtydperk, rypwording tydens die begin van die somerreëntyd en min of geen gehalteverlies met reën betref, verhoog die opbrengs- en pryspotensiaal en dus die wins.

**Die droëmateriaalproduksie van langgroeikultivars is tot twee keer soveel as dié van graangewasse, soos hawer.**

Nadat kanola in die somerreëngebiede geoes is, kan dit weer spruit om groenweiding te verskaf. By Senekal het die gewas al vir dertien maande (Mei tot die volgende Junie) weiding verskaf nadat dit gedurende Maart geplant is. Dit het vier weidings deur die winter én met elke somerreën gelewer. By Reitz, waar hawer dalk drie keer bewei kan word, was 'n boer se kommentaar dat hy sy kanola ses keer bewei voordat die somerreën begin het, met verdere benutting daarna.

## Deklaag

Dr. Wayne Truter van die Universiteit van Pretoria het tydens 'n onlangse geenbewerkingskonferensie by Bergville in KwaZulu-Natal gepraat. Hy het gepraat oor verskeie goeie boerderymetodes, soos 'n dekgewas, aktief groeiende wortels en wisselbou, en die belangrikheid daarvan uitgelig. Mnr. Guy Thibaud van die departement van landbou op Cedara het boere aangeraai om 'n dekgewas te plant wanneer hulle geenbewerking aanpak.

Ek glo kanola kan hierdie taak die beste vervul. Thibaud het ook vertel hoe die tydperk wat die boer gewoonlik suboptimale opbrengste verkry nadat hy na geenbewer-

king oorgeskakel het, van 'n maksimum van 15 jaar tot 'n minimum van 2 jaar verkort kan word deur die insluiting van peulgewasse. Vir dié doel kan kanola, byvoorbeeld, met lusern ondergesaai word. Dit behels die aanplant van twee gewasse met een of twee aksies uit twee saadkaste op die planter of gemengde saad in dieselfde plantvoor. Sodoende word 'n ekstra kontantgewas, hooi of kuilvoer wat met kanola verkry is, gekweek totdat die peulgewas gereed is vir benutting. Hy het die belangrikheid van 'n winterdekgewas beklemtoon. Kanola kan ook dié taak vervul. Die droëmateriaalproduksie van kanolakultivars met 'n lang groeityd is een en 'n half tot twee keer soveel as dié van grasgewasse, soos hawer. Mnr. Johan Zietsman, 'n boer van Zimbabwe, het oor hoëdigtheid beheerde beweiding gepraat en gesê 'n veebelading van 2 000 tot 5 000 kalwers per hektaar in 15 minute is moontlik.

Hierdie beginsel is na my mening uiters toepaslik vir groenbemesting. Nie alleen word hoëpotensiaal-voer dan vinnig benut nie, maar baie materiaal word deur die hoewe in die grond ingetrap, sonder diesel- en werktuigkoste, terwyl mis en urine eweredig oor die land versprei word. Indien die gewas weer bewei word, is gevind dat die dierespeeksel as gevolg van beweiding die gewas aansienlik vinniger laat uitgroei as wanneer dit deur masjinerie gesny is.

Menige boer oorweeg die verandering na geenbewerking en/of bewarings- of biologiese boerdery. Op baie kommersiële lande is die grond egter weens jare se bewerking ontneem van struktuur en koolstofinhoud. 'n Verandering na bewaringsbewerking op sulke gronde kan vir die eerste paar jaar tot laer opbrengste lei totdat die grond weer opgebou is.

Daar is twee moontlikhede wat die verlaging in opbrengs kan voorkom en selfs omkeer, veral waar mielies en koring in 'n stelsel van monoverbouing plaasvind. Sluit in die eerste jaar kanola in, dalk selfs ondergesaai met 'n peulgewas. Dan is 'n kultivar met weerstand teen onkruiddoders ideaal, danksy beter opsies vir onkruidbestryding. Kanola gee 'n opbrengsverhoging van tot 25% in die eerste jaar met koring en mielies en kan dus die gebruiklike verlaging in opbrengs skrap. In verskeie studies is gevind dat as kanola reg bestuur word dit as kontantgewas minstens net so winsgewend of winsgewender as koring is.

Nóg 'n opsie is om graslande te gebruik wat reeds verskeie jare van struktuur- en organiese opbou agter die rug het. Verander sodoende die kontantgewaslande vir 'n paar jaar om die grondstruktuur, organiese materiaal en grondlewe op te bou. LB

WISSELBOU

## Nóg voordele

- Dit verminder knopwortelaalwurm, 'n plaag met groot nadele vir mielies en sigorei.
- Dit stuit grastipe siektes, soos vrotpootjie en fusarium, wat algemeen in 'n wisselbouprogram van koring- en mielies voorkom.
- Dit verminder bruinskurf by aartappels met tot 60%, danksy die bioberoking van die grond.
- Kanola se penwortel verseker droogteverdraagsaamheid.
- Dieper en vinniger indringing van water.
- Minder versuiptoestande.
- Dieper vog- en voedingverbruik van opvolggewasse lei tot hoër opbrengste.
- Beter vog- en voedingstofverbruik verminder die risiko van grondversuring.
- Die weke wat kanola 'n langer blomtydperk as koring het, verminder die risiko van droogte-, ryp- en hittetye deur vir opbrengspotensiaal te vergoed.
- Kanolasaailinge is rypbestand tot sowat -9 °C.
- Die gehalte en droëmateriaal van kanola as voer is hoër as hawer.
- In die somerreëngebiede sal die voordeel van 'n vroeë planttyd met die laaste somerreën waarde met weiding toevoeg. Die Europese wintertipes kan dan gebruik word.
- Die gebruiksmoontlikhede van kanola se hoëgehaltehooi en -kuilvoer versprei risiko's.
- Onkruidweerstand by kanola kan voorkom of bestry word deur die gebruik van verskillende kanola-onkruiddodertipes, soos metazachlor (alle kultivars) en triasien, asook kultivars wat teen bepaalde onkruiddoders bestand is.
- Die produksiekoste van kanola is tipies minder as dié van koring.
- Kanola verlaag die produksiekoste van die opvolggewas.

